

## Gereformeerde Kerk Bellville – 24 September 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 71:9, 10 (p. 355)

- 9 Ek voel my sterk, aan U verbonde; / my mond vind tot u lof / gedurig ruimer stof.  
U redding meld ek elke stonde; / al kan ek dit nie skat nie, / besyfer of bevat nie.
- 10 Nou kom ek aan met forse skrede, / my lof is sonder maat, / vir u verlossingsdaad.  
Ek meld van jeugtyd en verlede – / hoe U my, onervare, / gelei het al my jare.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!  
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehag.

**Gebed**

**Skrifberyming 12-2:4, 5 (Sb 27)**

- 4 Ek geloof, met stille<sup>o</sup> aanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,  
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,  
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,  
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,  
en 'n lewe<sup>o</sup> in eewige duurte, / as die dood nie meer sal wees.

**Skriflesing:** Galasiërs 3:15-29; Heidelbergse Kategismus, Sondag 21:55

**Kernvers:** Galasiërs 3:26-28

**Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus;  
want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus  
beklee. Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of  
vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in  
Christus Jesus. (Galasiërs 3:26-28 AFR53)**

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?**

*Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).*

*(a) 1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, 13; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.*

**Tema:** Die gemeenskap van die heiliges het gemeenskap met Christus en met mekaar

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in die vorige twee gesprekke aan die hand van vraag en antwoord 54 het die Heilige Gees die vraagsteller oor twee sake in verband met die kerk met die Woord oortuig. Hy is oortuig dat die kerk nie ontstaan, bestaan en voortbestaan omdat mense self so 'n besluit geneem het nie. Die kerk is die

bouwerk van die Seun van God self. Hy vergader, beskerm en onderhou vir Hom 'n gemeente. Die tweede saak waarvan die vraagsteller oortuig geraak het, is dat die kerk van Jesus Christus uit mense bestaan van elke volk, taal en nasie wat deur God die Vader tot die ewige lewe uit-verkies is. Die Seun van God vergader, beskerm en onderhou hierdie mense deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof.

Ons het vraagsteller geleer ken as iemand wat baie aandagtig luister. In die belydenis van die gelowige het hy twee maal die woord *heilig* gehoor. Die gelowige bely: ***Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges.*** Die vraagsteller wil by die gelowige weet wat hy met *heilig* bedoel wanneer hy praat van *die gemeenskap van die heiliges*. Nog iets anders waaroor die vraagsteller wonder is wat die gelowige met *gemeenskap* bedoel. Daarom vra hy aan die gelowige: ***Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?***

Broers, susters en kinders, laat ons eers luister na die gelowige se verduideliking van die twee woorde *heilig* en *gemeenskap*. Omdat die publisiteit wat aan die Rooms-Katolieke Kerk verleen word so oorweldigend is, weet die gelowige dat die vraagsteller se verstaan van die woord *heilig* waarskynlik beïnvloed is deur Rooms-Katolieke Kerk se verstaan van die begrip *heilig*.

Volgens die Rooms-Katolieke Kerk is 'n gelowige wat baie vroom en godsdienstig lewe 'n heilige mens. So iemand het iets wat hom uitsonder en laat uitstyg bo enige ander gelowige. Hy het byvoorbeeld 'n baie heilige lewe gelei of hy het een of ander edele daad gedoen wat hom van alle ander gelowiges uitsonder. As gevolg van hierdie verstaan van die begrip *heilig* dink die vraagsteller dat 'n heilige 'n gelowige is wat so 'n treetjie bokant alle ander gelowiges uitstaan. So 'n heilige gelowige kan dan volgens die Rooms-Katolieke Kerk ander gelowiges ook bystaan en help met hulle verlossing. Daarom gebeur dit dat die lid-mate in die Rooms-Katolieke Kerk ook sover gaan om tot hierdie sogenaamde heiliges te bid en op hulle vertrou vir hulp en bystand.

So 'n verstaan van die begrip *heilig* is 'n dwaling en dit is geheel en al verkeerd. Die Heilige Gees toon in die boek Handeling vir ons dat die apostels die eer wat mense aan hulle wou gee, asof hulle as apostels 'n tree hoër staan as ander mense en ander gelowiges, teen-gestaan het. Dit is nie waar dat sommige gelowiges heilig is en ander gelowiges is maar net gewoon nie.

Die begrip *heilig* sê nie wat die gelowige mens self het of gedoen het nie. Met die woord *heilig* word daar eerder gesê wat die Here aan die gelowige gedoen het. Die Here het die mense wat Hy gelowiges gemaak het deur sy Gees vir Hom afgesonder. Omdat die Heilige Gees in besonder met die mense werk aan wie Hy die geloof gee, gebeur dit dat daardie mens hoe langer hoe meer lewe net om die Here tevrede te stel. Die mens besef dat die Here hom uit die sonde en van die ewige oordeel van God verlos het. Omdat die Here hierdie genade aan hom bewys het, wy hy nou sy hele lewe aan die Here toe. Almal wat die Here in 'n verhouding met Hom laat leef en aan wie die Heilige Gees die ware geloof gegee het, is dus 'n heilige – hy behoort deur die verlossingswerk van Christus aan God.

Dit bring die gelowige by die begrip *gemeenskap*. Met die begrip *gemeenskap* word 'n groep mense bedoel wat iets met mekaar in gemeen het. Omdat hierdie mense iets met mekaar in gemeen het, staan hulle ook in 'n noue verhouding met mekaar. In die geval van die gemeenskap van die heiliges is hulle almal mense wat Christus vir Homself as 'n

gemeente vergader het. Hulle deel dus almal met mekaar dieselfde kosbare geloof in Jesus Christus as hulle Verlosser.

Noudat die gelowige aan die vraagsteller verduidelik het wat hy met *heiliges* en *gemeenskap* bedoel, kan hy voortgaan om die vraag te beantwoord en dit toe te lig vanuit Galasiërs 3. Onder die gemeenskap van die heiliges verstaan die gelowige die volgende: ***Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.***

In vanaand se gesprek gaan die gelowige hoofsaaklik op die eerste deel van hierdie antwoord konsentreer – die gemeenskap wat die gelowiges elkeen afsonderlik en almal saam met die Here Christus het en watter groot genade dit vir die gelowiges inhou. Die gelowige herinner die vraagsteller daaraan dat gemeenskap aan die een kant beteken dat daar 'n hegte verhouding bestaan en aan die ander kant dat die partye wat in so 'n hegte verhouding is met mekaar iets in gemeen het.

Die brief aan die Galasiërs is geskryf aan gelowiges van wie die oorgrote meerderheid uit die heidendom kom. Deur sy Gees en die evangelie wat deur Paulus en Barnabas aan hulle verkondig is, het die Seun van God hierdie mense as deel van sy gemeente vergader. Met die verkondiging van die evangelie het die Heilige Gees aan hierdie mense wat vroeër afgode gedien het die wedergeboorte geskenk. Met die ware geloof het die Heilige Gees hulle net soos die gelowiges uit die Jode in Christus ingelyf. Aan hulle het Christus dus die genade van verlossing geskenk.

Kort na Paulus se vertrek van hierdie gemeentes af het daar Joodse Christene gekom wat nie kon aanvaar dat die besnydenis as uitvoering van die wet nie meer van toepassing is nie. Daarom het hulle onder hierdie Christene uit die heidendom 'n verdraaide evangelie kom verkondig. Dat die Galasiërs in Jesus Christus geglo het, is goed en wel. Maar kragtens die verdraaide evangelie wat die Joodse Christene verkondig het, het die geloof in Jesus Christus nie beteken dat hierdie Christene in Galasië heeltemal verlos is nie. Eers wanneer hulle ook die wet gehoorsaam en hulle laat besny, is hulle werklik verlos.

In Galasiërs 3:10-13 hoor ons hoe ernstig Paulus die Galasiërs waarsku. Wanneer 'n mens jouself deur middel van gehoorsaamheid aan die wet van jou sonde en God se ewige oordeel wil verlos, moet jy jou nie net laat besny nie. Jy moet dan die hele wet van God van A tot Z volmaak gehoorsaam. En as jy dit nie perfek doen nie, is jy onder die vloek wat die wet meebring –

**Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.** (Galasiërs 3:10 AFR53)

Later in die brief wys Paulus daarop dat as 'n Christen kies om hierdie weg van die Joodse Christene – die dwaalleraars – op te gaan, dan sny jy jouself van Christus af los. Jy kan nie dink om deur Christus én jou eie gehoorsaamheid aan die wet verlos te word nie. Christus het nie halwe werk gedoen toe Hy aan die kruis vir mense se sondes gesterf nie. Die verlossing wat Hy gebring het is volledig en volmaak. Daarom moet die Galasiërs vir die dwaal-leraars oppas. Hulle is besig om die Here Jesus te beledig met hulle vals en verdraaide evangelie, want hulle wil die Galasiërs laat verstaan dat Jesus hulle nie volledig aan die kruis verlos het nie.

In vers 26 tot 29 troos die Heilige Gees die Galasiërs. Hulle is nie tweederangse Christene omdat hulle nie besny is nie. Inteendeel, hulle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus, want almal wat in Christus gedoop is, is met Christus bekleed. Hierdie woorde sou die valse leraars teen die bors gestuit het, maar vir die Galasiërs is dit woorde van groot troos. Hulle verlossing is nie afhanklik van wat hulle gedoen het of nie gedoen het nie. Hulle verlossing, en gevolglik kind wees van God, is afhanklik van die volmaakte werk van Jesus Christus.

'n Mens word nie 'n kind van God omdat jy die wet gehoorsaam nie. 'n Mens word 'n kind van God omdat die Heilige Gees aan jou die geloof gee en jy vertrou dat Jesus Christus jou van jou sonde en van God se ewige oordeel verlos het. Jesus Christus is die eniggebore Seun van God. Hy alleen is van nature God se kind. Mense moet eers met Christus verenig word – hulle moet in Christus wees – voordat hulle kinders van God kan wees. En die enigste manier hoe 'n mens met Christus verenig kan wees, is deur middel van die geloof.

Om kinders van God te wees, is werklik indrukwekkend. Dit beteken dat 'n mens 'n spesiale verhouding met God het as die liefdevolle en versorgende Vader. Dit beteken verder ook dat jy op sy nabyheid, genade en spesiale sorg en aandag kan reken.

En die wyse waarop mense kinders van God word, is net so indrukwekkend. Dit gebeur wanneer 'n mens deur middel van die geloof in Christus verenig is. Om in Christus te wees beteken meer as om net te glo dat Christus bestaan en sekere dinge gedoen het. Dit beteken dat jy al jou vertrou net in Christus stel nou en tot in ewigheid.

In verband met God se Vaderskap moet die volgende tog gesê word. Nêrens in die Skrif word daar geleer dat God die Vader van alle mense is nie. God is inderdaad die Skepper van alles en almal. Hy is ook die Koning wat oor alles en almal regeer en sy algemene genade oor alles en almal gebied. God het – om dit plat te sê – 'n saak met elke mens op aarde omdat Hy Skepper en Koning is. Maar God is net Vader van Jesus Christus en die mense wat deur middel van die geloof in Christus Jesus is.

Deur die geloof in Jesus Christus is mense kinders van God. Die uitwendige doop teken hierdie eenheid met Christus sigbaar. Dit is nie die uitwendige doop wat 'n mens met Christus verenig nie. Net die blote besprinkeling of indompeling in die water maak nie 'n mens 'n kind van God nie. Indien dit die geval sou wees dan word die doop op dieselfde wyse gesien as wat die valse leraars die besnydenis gesien het. Slegs deur die geloof in Jesus Christus word mense kinders van God en die doop is die uiterlike en sigbare teken en seël van hierdie werk wat die Heilige Gees doen.

Let op hoe Paulus dit stel: **want julle almal wat in Christus gedoop is**. 'n Mens moet in Christus gedoop wees. Om die waarheid te sê 'n mens moet in Christus ingedompel wees. Jy kan 'n duisend keer in water gedompel wees, maar as jy nie in Christus ingedompel is deur middel van die geloof nie, kan jy nie 'n kind van God wees nie.

'n Ander manier om te sê dat 'n mens in Christus gedoop is, is om te sê dat jy met Christus bekleed is. 'n Mens trek klere aan wat pas by die geleentheid waarheen jy gaan. 'n Christen se daaglikse klere is Christus. Mense moet aan jou optrede en woorde kan sien en hoor aan wie jy hoort.

Omdat die Heilige Gees die mense aan wie Hy die ware geloof gegee het in Christus ingelyf het, is daardie verlose mens nou 'n kind van God. Dit maak nie saak watter geloof

hy vroeër gehad het nie. Omdat Christus hom verlos het, is hy nou 'n kind van God. En wie so met Christus bekleed is, word deur God as sy eie kind behandel. Wat aan Christus behoort – volmaakte heiligheid, gehoorsaamheid en geregtigheid – word deur God nou toegereken aan die verlose mens. Met ander woorde, omdat Christus onskuldig is aan enige sonde, staan die gelowige ook nou onskuldig voor God. Omdat Christus vrye toegang tot God se troon het, het die gelowige wat in Christus vertrou ook nou vrye toegang tot God se troon.

Deur die geloof wat die Heilige Gees in die gelowige werk, kry die gelowige deel aan die skatte en gawes van Christus. In hierdie hegte verhouding waarin die Heilige Gees die gelowige met Christus gebring het en hou, het die gelowige ook nou 'n hegte verhouding met God – die verhouding van kind en Vader. En as Vader het God hierdie kind van Hom net so lief as wat Hy sy eie Seun liefhet.

Elke ware gelowige het hierdie intieme en persoonlike verhouding met God deur Jesus Christus. Maar die gelowiges is nie net enkelinge wat deur Christus met God 'n verhouding het van kind en Vader nie. Die gelowiges het elkeen afsonderlik en almal saam gemeenskap met die Here. Dit is wat die Heilige Gees belig in vers 28. Hy sê kyk na weerskante langs jou, gelowige. Sien jy daardie Jood en daardie Griek – hulle is ook deur die Heilige Gees met geloof deur Christus aan God die Vader verbind. O ja, en daardie slaaf daar anderkant en die vryman langs hom en die man wat hierdie kant staan en die vrou langs hom – ook hulle is deur die geloof in Christus kinders van God.

Geen gelowige het alleen en eksklusief 'n verhouding met Christus en God die Vader nie. Die Here het nie net individue wat in Hom glo nie. Hy het 'n gemeenskap van heiliges wat in Hom glo, want Jesus Christus het vir elkeen van hulle en vir hulle almal saam aan die kruis gely onder die toorn van God. Daar is nie een gelowige wat daarop kan aanspraak maak dat Christus hom meer verlos het as 'n ander een nie. Alle gelowiges was voor hulle verlossing almal ewe sondig en almal het ewe veel die oordeel van God verdien. Maar die Vader het aan hulle almal ewe veel genade gegee – Hy het sy Seun vir hulle almal gegee en Christus het vir hulle almal ewe veel gely.

Soos die speke van 'n wiel elkeen afsonderlik van die kant af aan die binnekant vas is, so het elke gelowige afsonderlik gemeenskap met Christus. Maar een speek alleen wat aan die velling en aan die as vas is, maak nie 'n wiel nie. Daarom soos al die speke saam aan die velling vas en aan die as vas is, so het alle gelowiges saam gemeenskap met Christus. Al die speke saam wat aan die velling en die as vas is, vorm 'n wiel. Die kerk is die gemeenskap van die heiliges waarin elke gelowige afsonderlik en almal saam in 'n hegte verhouding met Christus is. En almal saam en elkeen afsonderlik het deel aan die skatte en gawes van Christus. Dit het tot gevolg dat al die gelowiges saam in 'n hegte verhouding met mekaar ook is. Maar hieroor sal die gelowige volgende week verder met die vraagsteller gesels.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 119:28, 29 (p. 592)

- 28 Laat op my u mededoë / neervloei soos 'n sagte dou,  
sodat ek die regte lewe / in u vrese kan behou.  
Smaad die trotsaards wat hardvogtig / sware druk op my laat daal,  
omdat ek hul ore hinder / as ek van u wet verhaal.

29 Laat hul weer met my vergader / wat u Naam van harte vrees,  
dat ons, in u woord verenig, een gemeenskap weer kan wees.  
Laat my hart maar net opreg wees / voor u oog wat alles sien,  
dan sal my geen skaamte<sup>o</sup>oorkom nie / as ek U van harte dien.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
24 September 2017